# SARS KONDIG DIE VOORLOPIGE INKOMSTE-UITSLAG VIR 2020/21 AAN

**Tshwane, Donderdag 1 April 2021 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig die voorlopige inkomste-uitslag aan na 'n jaar van nasionale Covid-19-inperkingsregulasies. Die buitengewone pandemiese toestand het die ekonomiese landskap verander en die wyse waarop SARS sake doen om die verskuldige belastinginkomste in te vorder. Die hoof drywers van die gerapporteerde inkomste, is die impak van vernuwe belasting administratiewe pogings om belastingpligtige nakoming, binnelandse en wêreldwye beperkinge op ekonomiese bedrywighede te verbeter en die verwante belastingverligtingsmaatreëls wat geïmplementeer is in lieu van die Covid-19-pandemiese beperkings.

As deel van die *SARS Vision 2024*, die nuut-ingestelde organisatoriese en operasionele herorganisering wat die stroming van die bestuur van belastingpligtige rekeninge na die nege streke en drie segmente moontlik gemaak het, en die herinstelling van die groot- en internasionale sake-eenheid is verder ingewortel en operasioneel gemaak wat in beide gevalle gelei het tot verbeterde fokus op inkomste en belastingpligtige dienslewering. Besonderhede ten opsigte van SARS se strategiese reis jeens die herbou van 'n slim en moderne SARS met onbetwisbare integriteit, vertrou en bewonder, word op ons webtuiste verskaf, vervolgens, word hierdie aspek en nakomingsverwante aktiwiteite nie in hierdie vrystelling aangespreek nie. Ons kyk nou na die inkomste-prestering vir die 2020/21 finansiële jaar.

Vir die tydperk eindigend op 31 Maart 2021, het SARS 'n bruto bedrag van R1 541.1 miljard ingesamel wat verreken is teen terugbetalings van R290.9 miljard wat netto invorderings van R1 250.2 miljard tot gevolg het teenoor die 2021 aangepaste begrotingskatting van R1 212.2 miljard, wat 'n krimping van -R105.6 miljard (-7.8%) is teenoor die 2019/20 finansiële jaar.

Die gedrukte 2021 begrotingskatting vir 2021/22 is R1 365.1 miljard wat 'n groei van 12.6% verteenwoordig teenoor die 2021 aangepaste begrotingskatting vir 2020/21 van R1 212.2 miljard. Die hoof aannames wat hierdie skatting onderstut is nominale

groei in BBP van 8.8% met 'n belasting-tot-BBP kontraksieverhouding van 25.5%. Teenoor die voorlopige 2020/21 invorderings van R1 250.2 miljard, verteenwoordig die 2021/22 skatting van R1 365.1 miljard 'n groei van R114.9 miljard (9.2%).

Daar moet wel kennis geneem word dat hierdie voorlopige uitslae is wat onderhewig is aan volledige finansiële rekonsiliasie en 'n finale oudit.

Dit word verstaan dat inkomste-uitslae hoofsaaklik onderstut word deur die stand van die ekonomie, fiskale beleidsmaatreëls, openbare vertroue in die belastingadministrasie en die regering as geheel, asook verbeterde vermoëns by SARS. Die nominale waarde van ekonomiese bedrywighede word saamgestel deur twee komponente, naamlik 'n werklike groeikoers en 'n inflasiekoers. Belastinginkomste-invordering het die afgelope paar jaar voortdurend onder verwagtinge presteer, gedryf deur onder-potensiële ware ekonomiese groei binne 'n laer inflasie-omgewing, wat gelei het tot 'n matigheid in die invordering van sommige hoof belastingkategorieë.

Die tweede komponent van ingevorderde inkomste, word gedryf deur belasting administratiewe aksies wat gelei het tot addisionele kontant-invorderings en nie-kontantinkomste wat die belastingbasis verseker. Vir die tydperk onder hersiening, verteenwoordig R158.5 miljard die inkomste deur SARS ingevorder met nagenoeg R 94.1 miljard in addisionele kontant-invorderings en die oorblywende R 64.3 miljard in nie-kontantinvorderings. Die laasgenoemde verteenwoordig nakomingsbedrywighede wat gelei het tot inkomste-lekkasiebeveiliging.

Inkomste-invorderings is beveilig deur die inkomsteplan wat regdeur die finansiële jaar uitgevoer is, wat fyn bestuur is in samewerking met streeks- en nasionale inkomste-verhalingsankers om suksesvolle lewering van die verwagte invorderingsuitslae te verseker. Die ineenstorting in wêreld ekonomiese bedrywighede in 2020 word geskat om effe minder ernstig te gewees het as voorheen voorspel, hoofsaaklik vanweë die vlakker kontraksies in gevorderde ekonomië en 'n meer kragtige herkryging in China.

'n Hoër as verwagte terugspringing in ekonomiese bedrywighede na die verslapping van ekonomiese inperkingsmaatreëls, het gelei tot 'n beter as verwagte belastinginkomste. Invordering van maatskappye inkomstebelasting het herstel in die

laaste kwartaal van 2020, hoofsaaklik gedryf deur hoër internasionale kommoditeitspryse. Invordering van werknemersbelasting (LBS) word voortdurend uitgedaag deur trae indienshouding- en lonegroei, asook laer bonus-uitbetalings. Ten spyte van 'n kontraksie in binnelandse BTW-aanspreeklikhede gedurende die eerste fiskale kwartaal, is vroeë tekens van herkryging waargeneem vanaf Julie. Hoewel die aankondiging van 'n aangepaste vlak 3 gedurende Desember 2020 'n kontraksie in binnelandse BTW-aanspreeklikhede vir Februarie veroorsaak het, wat egter van korteduur was en binnelandse BTW-invorderings in Maart teruggebons het met maand-tot-maand groei van 8.5%. Die volledige rapporteringstydperk het 'n kontraksie getoon in beide die volume en waarde van binnelandse BTW-aanspreeklikhede van 7.1% en 2.3% afsonderlik.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is in 'n diep kontraksiefase. Die jaarlikse kontraksie vir 2020/21 in die waarde van ware bruto binnelandse produk (BBP) is geskat op -8.3%. Kwartaalikse geannualiseerde groeikoerse is geneig om meer wisselvallig te wees, veral vir 2020 nadat die tweede kwartaal 'n kontraksie van -51.7% getoon het, gevolg deur 'n terugspringing in die derde kwartaal na die verslapping van die inperkingsmaatreëls, wat 'n styging van 67.3% getoon het. Alle industrië het 'n positiewe groei getoon tussen die tweede en derde kwartale van 2020.

Die grootste positiewe bydraes tot groei in BBP in die derde kwartaal was die vervaardigings-, myn- en handelsindustrië. Die vervaardigingsindustrie het gestyg teen 'n koers van 212.9% en 16.4 persentasiepunte bygedra tot groei in BBP. Die myn- en steengroefwerkindustrie het gestyg teen 'n koers van 271.2% en 11.4 persentasiepunte bygedra. Die handels-, spyseniering- en akkommodasie-industrie het gestyg teen 'n koers van 137.0% en het 14.7 persentasiepunte bygedra.

Die hoof bronne van inkomste wat bygedra het tot die ingevorderde R1 250.2 miljard, is netto persoonlike inkomstebelasting (PIB), wat R488.6 miljard (39.1%) bygedra het, netto belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat R330.7 miljard (26.5%) bygedra het, netto maatskappye inkomstebelasting (MIB) wat R204.7 miljard (16.4%) bygedra het en doeaneheffings wat R 47.4 miljard (3.8%) bygedra het. Die relatiewe bydrae van die hoof belastings tot totale belastinginkomste het geskuif met 'n ewig-stygende afhanklikheid op PIB-inkomste, hoofsaaklik jeens die belastingbeleidsveranderings.

Die bydrae van binnelandse BTW-invorderings neem steeds af, hoofsaaklik jeens 'n swak ekonomiese groei-omgewing met laer verbruikers- en beleggersbesteding in die ekonomie. MIB se bydrae tot totale belasting het afgeneem oor die laaste paar jaar, met afname tot 'n laagtepunt van 15.9% in 2019/20, met 'n effe verbetering in 2020/21 tot 16.4% jeens aanvraagbeperkinge op verkope en sakewinste.

Die hoof bydraers tot die oorskot teen die 2021 aangepaste begrotingskatting word hieronder uiteengesit:

- **Netto PIB-invorderings** (insluitend rente en agterstallige belastings) was R4.2 miljard (0.9%) hoër as aangepaste skatting, hoofsaaklik vanweë die hoër LBS en PIB voorlopige betalings verreken teen hoër terugbetalings. PIB voorlopige betalings is R1.7 miljard (6.8%) hoër as die aangepaste skatting. LBS is hoër as die aangepaste skatting met R6.5 miljard (1.3%) verreken teen hoër as verwagte PIB-terugbetalings van R2.7 miljard (8.3%).
- **Netto MIB-invorderings** (insluitend rente en agterstallige belastings) het R204.7 miljard behaal, wat 'n positiewe prestasie-oplewering van R12.5 miljard (6.5%) teen die aangepaste skatting is. Dit was nadat MIB voorlopige belastingbetalings gedurende die hoe invorderingsmaand van Februarie 2021 'n positiewe verskil getoon het van R 6.9 miljard (27.0%), na gevolg van die uitsonderlike prestasie van KMMO's. Die maand van Maart 2021 het ook positiewe winste van R 6.8 miljard (38.2%) aangeteken op die rug van noemenswaardige Paragraaf 19(3) invorderings.
- **MIB-terugbetalings** was ook minder as verwag met R 0.9 miljard (4.0%) teen die aangepaste skatting, as gevolg van laer MIB-terugbetalings wat uit die grootsake-segment betaal is, veral aan die mynsektor.
- **Binnelandse BTW** is R2.5 miljard (0.6%) bo die aangepaste skatting. Invorderings is versterk deur die terugspringing in huishoudings se werklike finale verbruiksbesteding in kwartaal 3 van 2020 na gevolg van die verslapping in inperkingsbeperkinge en die ekonomie wat op die herstelpad begin het. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings het gegroei met 'n aangepaste 75.3% kwartaal-op-kwartaal in kwartaal 3 van 2020 na die skerp inkrimping van 52.0% kwartaal-op-kwartaal in kwartaal 2 van 2020 an geen groei in kwartaal 1 van 2020 nie. Finale verbruikersbesteding het gegroei met 7.5% kwartaal-op-kwartaal in kwartaal 4 van 2020.

- **Dividende belasting/sekondere belasting op maatskappye** het R 24.7 miljard opgelewer, wat 'n effense styging van 7.6% teen die aangepaste skatting is. Die verhoogde onsekerheid in die ekonomie het die dividendbydraes deur maatskappye drasties verander. Maatskappye het reserwes gehandhaaf en gekies om dividendbetalings aan hul aandeelhouers op te skort, uit te stel of te kanselleer na gelang van die Covid-19-pandemie. Verder, het die SA Reserwe Bank kommersiële banke aangeraai om die betaling van gewone dividende of bonusse aan bestuurders te vries hierdie jaar. Die Covid-19-pandemie het maatskappye gedwing om hul finansiële projeksies te herevalueer te midde van die vinnig verskuiwende landskappe van die wêreldekonomie.
- **Invoer-BTW** het die aangepaste skatting oorskry met R11.8 miljard (7.7%). Invorderings is egter R 13.9 miljard (7.7%) minder as die vorige jaar hoofsaaklik vanweë dalende groeikoerse van die grootste kommoditeitsdrywers van belasting, onderstut deur die algehele jaarlikse waarde van invoer van verbruiksartikels wat met 12.6% gekrimp het vir die tydperk April 2020 tot Februarie 2021.
- **Doeaneheffings** het die aangepaste skatting oorskry met R 2.2 miljard (4.6%). Invorderings is egter R 8.0 miljard (14.4%) minder as die vorige jaar, hoofsaaklik vanweë die daling in groeikoerse van die grootste kommoditeitsdrywers van belasting, onderstut deur die algehele jaarlikse waarde van invoer van verbruiksartikels wat met 12.6% gekrimp het vir die tydperk April 2020 tot Februarie 2021.
- **Bepaalde aksynsheffingsinvorderings** is R 7.6 miljard (30.7%) meer as die aangepaste skatting vanwee die hoër sigaret- en wynverkope, en R 14.6 miljard (-31.1%) minder as die vorige jaar.
- **Brandstofheffings** is effens (0.03%) as die aangepaste skatting en R 4.9 miljard (-6.1%) minder as die vorige jaar, hoofsaaklik vanweë die laer brandstofverkope deur plaaslike vervaardigers.

Ons kyk nou na die bydrae van die grootsake en internasionale besighede (LB&I) segmente. Die LB&I segment het R378.4 miljard (30.3%) bygedra tot SARS se invorderings wat 'n krimping van R 23.0 miljard (5.7%) toon vergeleke die vorige jaar. 'n Noemenswaardige vernouing van die kontraksie het plaasgevind vergeleke die

vorige dele van die jaar terwyl Covid-19-inperkingsbeperkinge verslap is wat verbeterde sake-bedrywighede in die latere part van die jaar toegelaat het.

- Kontraksies is waargeneem oor alle hoof belastings, waarvan binnelandse BTW veerkragtigheid getoon het met 'n marginale kontraksie van 0.5% vergeleke die vorige jaar, hoofsaaklik gedryf deur aansienlike verbeterde invorderings uit die myn- en steengroefwerksektor wat 'n groei van R 3.5 miljard (34.0%) toon en die groot- en kleinhandelsektore 'n styging van R 1.2 miljard (5.7%). Dit is werd om te noem dat binnelandse BTW-betalings veerkragtigheid regdeur die jaar getoon het, met die Maart 2021 invorderings wat die eerste groei van 7.9% getoon het sedert November 2020 (12.8%), wat in lyn is met die vervaardigingsektor wat 'n noemenswaardige styging in prestering getoon het van R 0.9 miljard (35.6%), soortgelyke verbeteringe is opgemerk in sleutelsektore soos grootmaat- en kleinsakehandel R 0.2 miljard (13.7%), elektrisiteit-, gas- en waterverskaffing R 0.1 miljard (18.4%).
- Ten spyte van die inkrimping waargeneem in MIB voorlopige belasting van R 6.5 miljard (4.6%), die algehele bydraes uit die myn- en steengroefwerksektor oor die onderskeie belastings het die stadige invordering gebuffer met 'n totaal van R 41.6 miljard, wat 'n styging van R 16.3 miljard (64.3%) vertoonwoordig het vergeleke die vorige jaar, ondersteun deur verbeterde kommoditeitspryse, veral in die platinumgroepmetale (PGM's), goud- en ystererts subsektore. Daarby het Paragraaf 19(3) invorderings R 14.6 miljard behaal, wat 'n groei van R 5.6 miljard (62.4%) toon vergeleke die vorige jaar, wat MIB-invorderings gebuffer het. Terwyl daar aan die ander kant 641 maatskappye was wat 'n totale betaling van R 7.6 miljard laas jaar gemaak het wat nie in die huidige jaar herhaal is nie. Die meerderheid van hierdie maatskappye is uit finansies (259) en vervaardiging (106), wat die prestering van hierdie belastingsoort bevat het.
- LBS-prestering vir LB&I segmente bly 'n aansienlike bekommernis met 'n aangetekende krimping van R 12.9 miljard (6.3%), hoofsaaklik onderstut deur die verswakte prestering van die finansiële sektor (-6.0%), te midde die volhoude toename in werksverliese, likwidasies, die vermindering in verdienste en onderdrukte bonusuitbetalings vanweë die gespanne winsgewendheid onder moeilike ekonomiese omstandighede. Net meer as 40% van LBS-inkomste is gegenereer uit die finansiële sektor en gegewe die digitale

transformasie, sal die sektor na verwagting nog werksgeleenthede afskud in die kort- tot mediumtermyn.

Daar was twee hoof pillare wat die prestering van die LB&I inkomste-invorderings bygestaan het, wat a) die gefokusde pogings rondom verbeterde nakoming was, met 'n vinnige reaksie tot nie-nakoming; en b) die voortslepende of gereelde bespreking met sleutel belastingpligtiges (die opbou tot die samewerkende nakomingsraamwerk) oor die rigting van hul besighede.

SARS wil graag belastingpligtiges bedank vir die nakom van hul belastingverpligtinge in die tydperk onder hersiening en hierna.

# INKOMSTE-TABELLE:

**Table 1: Revenue collections 2020/21 against Revised Budget 2021 Estimate**

| R'm | Actuals 2020/21 | Budget 2021 | Var | Var % | SPE 2020 | Var | Var % | MTBPS 2020 | Var | Var % | Budget 2020 | Var | Var % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Personal Income Tax[1] | 488 580 | 484 368 | 4 212 | 0.9% | 456 771 | 31 809 | 7.0% | 455 446 | 33 134 | 7.3% | 548 719 | -60 139 | -11.0% |
| Corporate Income Tax[1] | 204 681 | 192 226 | 12 455 | 6.5% | 157 442 | 47 239 | 30.0% | 163 672 | 41 009 | 25.1% | 233 061 | -28 380 | -12.2% |
| Dividends Tax / STC | 24 736 | 22 980 | 1 756 | 7.6% | 16 659 | 8 077 | 48.5% | 20 651 | 4 085 | 19.8% | 31 169 | -6 433 | -20.6% |
| Value-added Tax | 330 713 | 324 554 | 6 159 | 1.9% | 301 323 | 29 390 | 9.8% | 287 698 | 43 015 | 15.0% | 360 555 | -29 842 | -8.3% |
| Domestic VAT | 392 951 | 390 430 | 2 521 | 0.6% | 360 490 | 32 462 | 9.0% | 365 069 | 27 882 | 7.6% | 421 651 | -28 699 | -6.8% |
| Import VAT | 166 131 | 154 294 | 11 837 | 7.7% | 149 824 | 16 307 | 10.9% | 138 001 | 28 129 | 20.4% | 192 963 | -26 832 | -13.9% |
| VAT Refunds | -228 369 | -220 170 | -8 199 | 3.7% | -208 991 | -19 378 | 9.3% | -215 372 | -12 997 | 6.0% | -254 059 | 25 690 | -10.1% |
| Specific Excise Duties[2] | 32 276 | 24 694 | 7 581 | 30.7% | 36 287 | -4 011 | -11.1% | 33 778 | -1 502 | -4.4% | 48 836 | -16 560 | -33.9% |
| Fuel Levy | 75 259 | 75 236 | 24 | 0.0% | 63 188 | 12 071 | 19.1% | 68 384 | 6 875 | 10.1% | 83 441 | -8 182 | -9.8% |
| Customs Duties[3] | 47 430 | 45 218 | 2 212 | 4.9% | 45 834 | 1 597 | 3.5% | 40 302 | 7 128 | 17.7% | 59 500 | -12 070 | -20.3% |
| Other taxes | 46 541 | 42 930 | 3 611 | 8.4% | 43 824 | 2 717 | 6.2% | 42 648 | 3 893 | 9.1% | 60 136 | -13 595 | -22.6% |
| Total Tax Revenue (Cash) | 1 250 216 | 1 212 206 | 38 010 | 3.1% | 1 121 327 | 128 890 | 11.5% | 1 112 579 | 137 637 | 12.4% | 1 425 418 | -175 201 | -12.3% |

[1] Includes interest on overdue tax
[2] Specific Excise Duties comprises excise on domestic goods only
[3] Customs Duties comprises duties on imports, specific excise on imports and ad valorem duties on imports

**Table 2: Revenue collections 2018/19 to 2020/21 and Variance in Rand million and Percentage**

| | YTD 31 Mar 2019[4] | YTD 31 Mar 2020[5] | YTD 31 Mar 2021[6] | Var YTD 31 Mar 2020 → YTD 31 Mar 2021 | Var % YTD 31 Mar 2019[4] → YTD 31 Mar 2021[6] | Var YTD 31 Mar 2020[5] → YTD 31 Mar 2021[6] | Var % YTD 31 Mar 2020[5] → YTD 31 Mar 2021[6] |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **R'm** | **2018/19[4]** | **2019/20[5]** | **2020/21[6]** | **Var 2018/19 → 2020/21** | **Var % 2018/19 → 2020/21** | **Var 2019/20 → 2020/21** | **Var % 2019/20 → 2020/21** |
| Personal Income Tax[1] | 493 829 | 529 172 | 488 580 | -5 249 | -1.1% | -40 592 | -7.7% |
| Corporate Income Tax[1] | 214 388 | 214 986 | 204 681 | -9 708 | -4.5% | -10 305 | -4.8% |
| Dividends Tax / STC | 29 898 | 27 930 | 24 736 | -5 162 | -17.3% | -3 193 | -11.4% |
| Value-added Tax | 324 766 | 346 761 | 330 713 | 5 947 | 1.8% | -16 048 | -4.6% |
| Domestic VAT | 378 733 | 399 288 | 392 951 | 14 219 | 3.8% | -6 337 | -1.6% |
| Import VAT | 175 185 | 179 987 | 166 131 | -9 054 | -5.2% | -13 857 | -7.7% |
| VAT Refunds | -229 151 | -232 515 | -228 369 | 782 | -0.3% | 4 146 | -1.8% |
| Specific Excise Duties[2] | 40 830 | 46 827 | 32 276 | -8 554 | -21.0% | -14 551 | -31.1% |
| Fuel Levy | 75 372 | 80 175 | 75 259 | -113 | -0.1% | -4 916 | -6.1% |
| Customs Duties[3] | 54 968 | 55 428 | 47 430 | -7 538 | -13.7% | -7 998 | -14.4% |
| Other taxes | 53 586 | 54 502 | 46 541 | -7 045 | -13.1% | -7 961 | -14.6% |
| Total Tax Revenue | 1 287 637 | 1 355 781 | 1 250 216 | -37 420 | -2.9% | -105 564 | -7.8% |

[1] Includes interest on overdue tax
[2] Specific Excise Duties comprises excise on domestic goods only
[3] Customs Duties comprises duties on imports, specific excise on imports, and ad valorem duties on imports
[4, 5, 6] Total Tax Revenue on a cash basis
[5] Total Tax Revenue on a cash basis
[6] Total Tax Revenue on a cash basis

EINDE

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.